Die baie moeë leeuwyfie

Hierdie boek behoort aan

the-very-tired-lioness_interior_.indd 1 2022/09/06 12:10



the-very-tired-lioness_interior_.indd 2 2022/09/06 12:10



Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative professionals who volunteer to create new, African storybooks that anyone can freely translate and distribute. To find out more, and to download beautiful, print-ready books, visit bookdash.org.

Die baie moeë leeuwyfie
(The Very Tired Lioness)
Illustrated by Imile Wepener
Written by Maren Bodenstein
Designed by Nathan McKay
Edited by Margot Bertelsmann
with the help of the Book Dash participants in Johannesburg on 27 October 2018.

ISBN: 978-1-77632-499-6

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/). You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

Attribution: You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.
No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.
Notices: You do not have to comply with the license for elements of the material in the public domain or where your use is permitted by an applicable exception or limitation.
No warranties are given. The license may not give you all of the permissions necessary for your intended use. For example, other rights such as publicity, privacy, or moral rights may limit how you use the material.

DIE BAIE MOEË LEEUWYFIE

the-very-tired-lioness_interior_.indd 5 2022/09/06 12:10

Daar was eenmaal ’n baie ou
en baie moeë leeuwyfie.

Sy was so moeg dat sy
die hele dag gelê en
slaap het … en **ook die
hele nag.**

the-very-tired-lioness_interior_.indd 8 2022/09/06 12:10

“Kom jag saam met ons,” sê haar susters en dogters.

Maar die leeuwyfie is **te moeg.**

“Wat’s fout met haar?” vra die jong rooibokke.
“Moenie te naby gaan nie,” waarsku hul ma’s. **“Dalk vang en eet sy julle.”**

Maar die leeuwyfie wikkel net haar ore om die **vlieë weg te jaag.**

Op ’n dag word die leeuwyfie wakker met ’n vreemde gevoel dat **iets haar dophou.**

Toe sy opkyk, sien sy ’n siedende, smeulende gedaante in die boom.

“Wie is jy?” vra die leeuwyfie.

"Ek is die son. **Ek het jou kom haal,"** antwoord die gedaante.

"Gaan weg," grom die leeuwyfie.
"Ek wil slaap."

Toe die leeuwyfie weer haar oë oopmaak, hang die son steeds in die boom.
“Kan jy nie sien dat jy ons almal warm en dors maak nie?”

“Dit raak laat,” sê die son. **“Volg my.”**

Die leeuwyfie staan toe **stadig op en volg die son.**

“Hoop jy geniet die jag,” roep haar susters en dogters agterna.

“Sien jou! Sien jou!” tjirp die voëltjie.

Maar die leeuwyfie **hoor niks nie** en klim net

hoër en hoër en hoër in die lug op.

“Sjoe, maar dis ver,”
sê die leeuwyfie.

the-very-tired-lioness_interior_.indd 22 2022/09/06 12:10

the-very-tired-lioness_interior_.indd 24 2022/09/06 12:10

“Ons is nou amper daar,” sê die son. **“Jy kan rus wanneer ons daar kom.”**

En so het die leeuwyfie by **die son gaan woon.** En sy bak heeldag lank in **sy warm strale.**

Maar snags, wanneer die son slaap, **kyk sy af** op die pragtige wêreld wat **sy agtergelaat het.**

the-very-tired-lioness_interior_.indd 30 2022/09/06 12:10



the-very-tired-lioness_interior_.indd 31 2022/09/06 12:10